## REDAKSIONEEL

Die aktualiteit van Bybelse perspektiewe op hedendaagse ontwikkelinge in die kerk word deur die bydraes in hierdie uitgawe onderstreep. Die eerste het te doen met die vraagstuk van die eenheid van die kerk, en word bespreek na aanleiding van die versoek dat 'n afsonderlike kerk vir Portugeessprekende lidmate van die NG Kerk gestig word. Jonker voer redes aan waarom dit op teologiese en kerklike gronde nie wenslik is nie, en lewer daardeur 'n bydrae tot 'n debat wat met die oog op die komende Algemene Sinode van die NG Kerk van besondere betekenis is.

In die tweede bydrae word 'n aspek van bevrydingsteologie aan die orde gestel – 'n teologiese stroming wat in Suid-Afrika toenemende belangstelling geniet. Die skrywer analiseer die hermeneutiese voor-veronderstellings as deel van die kenmerkende metodologie van hierdie benadering, en toon waarom dit 'n beslissende invloed het op die wyse hoe die Bybel in hierdie konteks gehanteer en geïnterpreteer word. Ten slotte wys hy op die uitdaging wat daardeur aan alle Christene in die Suid-Afrikaanse konteks gestel word.

Ons stel in hierdie uitgawe ook 'n groot aantal nuwe publikasies aan ons lesers bekend, wat hopelik hul eie lees van die Bybel sal stimuleer en verdiep.

## FROM THE EDITOR

The relevance of biblical perspectives for contemporary developments in the church is underlined by the contributions to this issue. In the first, the question of the unity of the church is discussed against the background of the request of Portuguese-speaking members of the Dutch Reformed Church to establish an autonomous church. Jonker gives theological and biblical reasons why this should not be allowed to happen, and by doing so, offers an important contribution to a debate which is of special importance for the coming General Synod of the DRC later this year.

The second contribution discusses basic aspects of the hermeneutics of liberation theology - a subject increasingly gaining interest in South Africa - as part of its overall methodological approach. The author shows how the hermeneutical presuppositions have a decisive influence on the way the Bible is read and understood in this context, and highlights the challenge which this approach poses to all Christians in the South African context.

A large number of new publications are announced in this issue, which we hope will be both informative for our subscribers and stimulate their own reading of the Bible.